

Gereformeerde Kerk Bellville – 11 Maart 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 44:6, 9 (p. 225)

- 6 My skande is gedurig voor my, / en smaadbeseft maar altyd oor my;
want daar's 'n mond wat laster braak, / 'n blik wat listig loer op wraak!
Dit alles het oor ons gekom; / tog het ons nie ons afgewend nie
of met bedrog gehandel om / u heilsverbond met ons te skend nie.
- 9 Waar skuil die lig wat eers gestraal het, / wat van u aanskyn neergedal het?
Waarom vergeet U ons ellend, / ons onderdrukking sonder end?
Die moed is min, die gees is dof; / ons vlees kleef aan die aarde onmagtig.
Staan op en hef ons uit die stof, / wees aan u goedheid weer gedagtig!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 138:1, 4 (p. 670)

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 4 As in my angs en teespoed / die krag en moed my wil begewe,
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Skrifberyming 5-2:4, 5 (Sb 7)

- 4 Die misstap wat ons voet begaan, / die misdaad deur ons hand gedaan,
die straf uit swaarste regsgeving, / wat ons die volle vrede bring,
die wonde wat ons wonde heel – / dit alles was sy lydensdeel.
Ja, al die kwaad deur ons gedaan, / het God die HEER oor Hom laat gaan.
- 5 Terwyl ons op die dwaalweg gaan, / storm al ons sondes op Hom aan;
maar Hy 't mishandel, neergebuk, / sy mond nie oopgemaak in druk.
'n Lam, ter slagting heengelei, / so stil en stemmelos was Hy,
en soos 'n skaap voor wie hom skeer, / so stil en sonder teëweer.

Gebed

Psalm 4:3, 4 (p. 15)

- 3 Wil jul aan Hom 'n offer gewee? / Die offer wat die HEER aanskou,
is in opregtheid reg te lewe, / en Hom alleenlik aan te klewe, / op Hom alleen jul hoop te bou.
Hoe baie vra terneergeboë: / Waar vind ons ooit die ware goed?
Verhef oor ons u Vaderoë, / sien op ons neer in mededoë, / verlig ons hart en ons gemoed!
- 4 U het my hart meer vreug gegewe / as ander smaak in volop-tyd,
as hul deur skyngeluk verhewe, / by mos en koring lustig lewe
en fees hou in kortstondigheid. / Ek sal gerus gaan slaap in vrede / en ongestoord lê ek my neer;
want U alleen verhoor my bede, / U waak oor my in teënhede, / dat ek kan veilig woon, o HEER!

Skriflesing: Haggai 2:1-9

Kernverse: Haggai 2:4

Nou dan, skep moed, Serubbábel, spreek die HERE, en skep moed, Josua, hoëpriester, seun van Jósadak, en skep moed, julle almal, volk van die land, spreek die HERE, en werk! Want Ek is met julle, spreek die HERE van die leërskaare. (Haggai 2:4 AFR53)

Tema: Skep moed en volhard met die werk – die Here is met jou

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die meeste van ons hou daarvan om met iets nuuts te begin. Kinders kan nie wag dat hulle met Graad 1 in die groot skool kan begin nie. Daar is groot opgewondenheid by 'n paartjie wat onlangs getrou het of wat binnekort in die huwelik tree. Wanneer 'n mens belydenis doen van jou geloof, of jy word nuut bevestig in 'n besondere amp, is jy vol energie en sien kans vir al die werk wat op jou wag.

Maar kort voor lank dan is die skool ook maar net skool – elke dag vroeg opstaan en vanmiddag huiswerk doen. Dit is nie altyd so maklik om die opgewondenheid in jou huwelik te behou nie as jy agterkom dat liefde nie net 'n gevoel is nie maar werk. Teleurstelling laat jou energie spoedig afneem wanneer jy aan die einde van so baie dae na mekaar agterkom dat jy dit net nie regkry om 'n sonde in jou lewe te oorwin nie. Wanneer jou dienswerk as ouderling of diaken keer op keer tydens huisbesoek teengestaan word deur 'n verharde hart van 'n lidmaat, is jy nie meer so gretig om weer daar huisbesoek te doen nie.

Volharding en uithou tot die einde toe is vir baie mense 'n vreemde begrip omdat hulle daaraan gewoon geraak het om dinge maklik en vinnig te kry en te bereik. Vriende en kollegas sal maklik vir jou sê: As jy so sukkel, waarom hou jy nog aan? As dit soveel energie en tyd van jou in beslag neem sonder dat jy enige sukses kan sien, is die werk miskien nie vir jou bedoel nie. Los dit en kry iets waarvan jy hou.

Hierdie moedeloosheid merk ons ook by die volk in die dae van Haggai. Op die 29ste Augustus in die jaar 520 vC het die woord van die Here die eerste keer tot Haggai gekom. In daardie verkondiging wat in Haggai 1 opgeteken is, moes hy die volk vermaan omdat hulle nie verder werk aan die herbou van die tempel nie.

Die Heilige Gees het met daardie woorde van die Here bekering in die harte van die leiers en die volk gewerk. Serubbabel, die goewerneur, Josua, die hoëpriester, en die oorblyfsel van die volk was met ontsag vir die Here vervul en die Here het hulle verseker van sy nabyheid. Verder het die Here hulle almal se gees opgewek en op die drie en twintigste dag na daardie vermaning is die herbou van die tempel hervat. Dit het op die 21ste September in die jaar 520 vC gebeur.

En nou, skaars 26 dae nadat die volk weer met die herbou van die tempel begin het, kom die woord van die Here weer tot Haggai. Hierdie verkondiging het plaasgevind op die 17de Oktober 520 vC. Dit was op die een en twintigste van die sewende maand, die sewende en laaste dag van die huttefees. Terwyl dit 'n dag van blydschap en vreugde moes wees omdat die Here sy volk uit Egipte verlos het, is die leiers en die volk moedeloos en ter-neergedruk. Dit blyk dat daar nie eers 'n sweempie van blydschap by hulle is nie. In hierdie omstandigheid kom bemoedig die Here sy volk om te volhard met die werk aan die tempel.

Broers, susters en kinders, die eerste wat ons in hierdie nege verse moet oplet, is dat die Here nie die omstandighede waarin die volk is, ignoreer nie. Wanneer Hy deur Haggai met sy volk praat, sê die Here nie: Ag, toemaar, dit is nie so erg nie. Hy weet wat hulle dink en voel. En wanneer die Here die woorde spreek wat in die volk se harte lewe, sê Hy inderwaarheid dat Hy hulle omstandighede verstaan en Hy is besorg oor hulle. Vir 'n gelowige is dit vertroostend om te weet dat die Here presies verstaan wat in jou lewe aangaan. Selfs wanneer jy al moedeloos raak oor dieselfde versoeking wat op jou pad kom – Jesus Christus weet wat dit beteken om versoek te word. Vir veertig dae lank is Hy deur die duiwel aan-houdend versoek.

Uit die teks uit kom ons agter watter dinge 'n mens moedeloos kan maak om te volhard in diens van die Here. Wanneer daardie eerste opgewondenheid verby is oor die nuwe onder-neming, kan 'n mens moedeloos word. Die Here het sy volk se gees opgewek en hulle was vol ywer met die hervatting van die herbou aan die tempel. Maar toe die grootsheid van die werk hulle elke oggend in die gesig staar, het die moedeloosheid nadergekrui. Kyk net al die rommel wat nog weggeneem moet word voordat daar aan die uiteindelijke bouwerk begin kan word!

Vertragings en onderbrekings is ook iets wat 'n mens kan laat opgee om te volhard. Jy het jou voorgeneem om in te spring en aan die gang te kom, maar nou en dan is daar 'n onder-breking. Die volk in Haggai se tyd het skaars aan die gang gekom of hulle moes eers die werk weer staak. Die sewende maand was vol feesdae. Op die eerste dag van die maand was dit die fees van die ramshorings. Op die tiende dag van die maand was dit die groot versoendag en nou is hulle aan die einde van die sewe dae lange huttefees. Naas hierdie nege dae van fees was daar ook nog die gereelde sabbatte waarop hulle ook nie mag gewerk het nie. Dus, sedert die 21ste September toe hulle met die herbou van die tempel begin het, was daar nog net sowat veertien dae waarop hulle regtig iets kon doen.

Dan was daar nog die bedreiging van die Samaritane se kant ook. In vers 5 sê die Here vir sy volk dat hulle nie bevrees moet wees nie. Na alle waarskynlikheid het die Samaritane weer met hulle dreigemente begin om die Persiese koning in te lig oor wat hulle in Jerusalem doen. Veertien jaar gelede het die Samaritane dit reggekry dat die koning die Jode beveel het om op te hou met die herbou van die tempel.

Maar dit is nie net dinge van buite af wat 'n mens moedeloos kan maak vir die werk van die Here nie. Hoeveel keer betrap 'n gelowige hom nie dat hy sy werk met iemand anders s'n vergelyk. Dit is wat daar in Jerusalem ook gebeur het. Die jonges wat nie die tempel van Salomo gesien het, was baie opgewonde toe hulle sestien tot veertien jaar gelede die fonda-mente van die tempel weer gelê het. Maar die ouer mense wat die tempel gesien het voordat Nebukadnesar dit afgebreek het, het gehuil (Esra 3:11-13). Hulle poging om die tempel te herbou, kom nie naby dit wat die tempel destyds was nie. En dan was daar ook nog die swartgalliges onder hulle. Die swartgallige mense kry 'n mens mos orals. In Jerusalem het hulle gesê: Waar sal ons ooit die geld kry om duursame hout uit Libanon te kry? Ons het dan nie eers behoorlike oeste gehad die afgelope tyd nie. En dan praat ons nie eers van al die goud en kosbare dinge wat ons nodig het om die tempel te versier nie.

Dit is ongelukkig ons almal se moeilikheid. Ons het 'n verkeerde siening van sukses en of iets geslaagd is of nie. Ons kyk na die uiterlike, want ons kan nie sien wat binne-in gebeur nie. Die Here ontken nie dat die tempel van nou nie so mooi lyk soos die vorige een nie. Maar Hy voeg ook by dat al die silwer en goud aan Hom behoort. As Hy wil, kan Hy die hele tempel met goud oortrek. Maar Hy wil iets beter doen met hierdie tempel.

Wanneer ons die evangelie aan ongelowiges en afvalliges verkondig, verwag ons dikwels dat daar sommer baie vinnig 'n verandering moet kom en hulle moet op dieselfde vlak van geloof wees as ons. Wie die werk van die Here doen met die bedoeling om die vrugte te sien en te tel, gaan keer op keer teleurgesteld wees.

Let nou op hoe die Here sy volk in die dae van Haggai bemoedig het. Drie keer sê die Here: Skep moed!. Hy sê dit vir elke leier afsonderlik en vir die oorblyfsel van sy volk. En dan kom die opdrag: Werk! Daar is drie dinge waarop die Heilige Gees ons wys in hierdie aan-moediging van die Here. In die eerste plek, om te volhard in die diens van die Here moet 'n mens die regte gesindheid hê. Daarom sê die Here: Skep moed!

Die mense in Jerusalem se gesindheid was nie reg omdat hulle fokus nie op die Here en die Here se weg was nie. Hulle het hulle laat beïnvloed deur dit wat hulle gesien het. Die vordering is so stadig. Daar is so baie hindernisse van buite af. En sommige het seker al gedink: Hierdie werk gaan nooit klaarkom nie. Ons is besig om ons tyd te mors, want hierdie tempel sal nie so mooi lyk soos die eerste een nie.

Miskien het jy dit met jousef ook al agtergekom. Dit kan die eentonigste stuk werk wees wat jy doen of 'n baie moeilike stuk werk, maar as jy die regte gesindheid het, gee jy nie om om vir lang tye aan te hou nie. Jou fokus is nie op die onmiddellike nie maar op dit waarheen jy op pad is.

Om moed te skep beteken nie dat jy iewers in jousef die krag moet monster om te volhard nie. Om die werk te doen wat die Here vir 'n mens beskik het, gaan nie oor jou eie bekwaamheid nie. Dit is die Here wat 'n mens bekwaam maak vir die werk wat Hy vir jou beskik het. Daarom roep die Here jou op om gelowig tot Hom te bid en te vertrou dat Hy in staat is om jou die krag te gee wat jy benodig.

Wanneer 'n mens se gesindheid reg is – dit wil sê, wanneer jy weet en vertrou dat God met jou is, sien jy kans vir enige werk wat Hy vir jou beskik. Onthou wat het tien van die twaalf verkenners nog aan Moses gesê nadat hulle die beloofde land verken het. Hulle het gesê dat Israel nie 'n kans het teen die mense wat nou in daardie land woon nie. Ons is te klein en hulle is reuse. Kaleb en Josua het egter gesê: Omdat die Here met ons is en Hy die land aan ons belowe het, sal ons die inwoners kan verdryf en die land in besit neem.

Die regte gesindheid gaan nog nie maak dat 'n mens die werk gedoen kry nie. Daarom behels die Here se bemoediging ook dat Hy die mense in Jerusalem aansê om te werk. Die regte gesindheid gee vir 'n mens die motivering, maar motivering sonder werk beteken nog niks nie. Kaleb en Josua se gesindheid was reg – hulle het die Here vertrou, maar hulle moes steeds teen die reuse gaan veg het.

Wanneer die Heilige Gees dan vir jou die regte gesindheid gegee het om weer 'n keer daardie huisbesoek te doen of weer 'n keer met jou huweliksmaat te praat, weet dat die Here dit wat ons wil hê nie in ons skoot laat val nie. Hy wil juis deur middel van jou sy doel bereik – 'n gesonde huwelik, 'n bekeerde sondaar. Toe Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het, was sy fokus daarop gerig om sy Vader te verheerlik deur sy Vader se wil uit te voer. Sy Vader wil 'n volk hê wat verlos is uit die greep van die duivel en wie se hart gerig is op Hom, die troue Vader. Jesus wil self ook mense hê wat Hom erken en dien. Maar Hy moes steeds die werk as die volmaakte Verlosser doen – Hy moes steeds alleen die stryd teen die sonde en duivel aanpak aan die kruis – sodat Hy uiteindelik die volk kon sien wat sy Vader verlang, mense wat regverdig gemaak is deur Hom.

Die onderbou of fondament vir hierdie bemoediging wat die Here aan sy mense gee, is sy beloftes. Ten eerste belowe die Here dat Hy met sy mense is. Ja, daar is vyande wat hulle werk tot 'n stilstand wil bring – die Samaritane – maar die Here is die almagtige God en Hy is met sy volk. Met die Here kan 'n mens oor 'n muur spring, sê die psalmdigter (Ps 18:30). Wanneer die Here sê dat Hy met jou is, is daar niks wat per ongeluk met 'n mens sal gebeur nie tensy Hy daardie gebeurtenis ook vir jou beskik het. Maar selfs in daardie gebeurtenis wat vir jou 'n ongeluk is, is die Here steeds met jou, want Hy wil vir jou sy almag toon wat jy nie op 'n ander manier sou leer ken nie.

Ten tweede bevestig die Here sy belofte wat Hy al aan sy volk gemaak het tydens hulle uittog uit Egipte en sy verbond met hulle gesluit het. Daar het Hy al belowe dat sy Gees bestendig in hulle midde sal bly. Hy sal nie sy Gees van hulle wegneem nie.

Gelowige, jy wat in die Nuwe Testament lewe, met jou het die Here sy verbond ook bevestig. En in die verbond wat Hy met jou bevestig het, het Hy belowe dat sy Gees nie net in die midde van gelowiges sal wees nie, maar binne-in elke gelowige. Wanneer moedeloosheid jou dan wil beetpak oor die werk van die Here, onthou dat die Gees van Christus wat nou in Hom teenwoordig is ook in jou teenwoordig is. Deur die Heilige Gees rus die Here elke gelowige voortdurend toe sodat hy in sy werk van die Here kan volhard.

In die derde plek word die bemoediging wat die Here gee ondersteun deur die profetiese woorde van dit wat die Here in die toekoms gaan doen. Met die profesie gee die Here aan sy volk 'n blik op die bestemming waarheen Hy op pad is met die tempel. Hy sê dat Hy binnekort die hele wêreld sal skud en die nasies sal bewe sodat hulle die skatte na sy huis sal bring. Dit het gebeur – Darius die koning van die Persiese ryk het skatte gestuur met 'n amptelike proklamasie (Esra 6:6-15). Herodes die Grote het die tempel versier en die Jode het nog in die tyd van Jesus se wandel op aarde daarvoor gespog.

Maar dan sê die Here verder dat Hy die tempel met sy heerlijkheid sal vervul. Wie is daar wat groter heerlijkheid het as Jesus, die ewige Seun van God. Hy was binne-in die tempel en sy heerlijkheid het dit gevul alhoewel baie dit nie gesien het nie. En die Here belowe ook dat Hy vrede op die plek sal gee. Dit is in Jerusalem waar die God vrede bewerk het deur sy Seun wat aan die kruis gesterf het.

Omdat Christus die wêreld met sy Vader versoen het deur sy bloed, gaan die Here nog een maal die aarde en die hemel skud. Dit is die dag wanneer Jesus Christus terugkeer na hierdie wêreld. Wanneer Hy dan kom, kom Hy om alles nuut te maak. Alles sal skud sodat alles wat verganklik en wankelbaar is, kan verdwyn en dit wat onwankelbaar is, sal bly staan (Heb 12:26-28) – die onwankelbare koninkryk van God. Op die nuwe aarde sal daar nie 'n tempel wees wat deur mense gebou is nie, maar die Here die Almagtige en die Lam sal die tempel op die nuwe aarde wees (Open 21:22). En God se heerlijkheid oortref verreweg die tempel – daar is nie eers 'n vergelyking nie.

Geliefde, met watter moeilikhede jy nou ook al te doen het in jou diens aan die Here, weet verseker die Here verstaan dat jy moedeloos kan voel en Hy is besorg oor jou. Daarom bemoedig Hy jou sodat jy kan volhard in hierdie diens. Miskien sien jy nooit eers die vrugte op jou werk nie, maar die Here verseker jou dat jou werk deel is van sy plan wat Hyself sal voleindig. Skep moed en hou nederig aan met die werk wat die Here vir jou beskik het.

Amen!

Slotgebed

Psalm 18:13, 14 (p. 75)

- 13 Die HEER verlig die harde juk / van wie hier sug in leed en druk;
maar Hy verneder dié wat hoog / en ydel is van hart en oog.
My lamp brand in die donker uur; / God het my donker opgeklaar!
Met God storm ek 'n leërskaar / en met Hom spring ek oor 'n muur!
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 84:1, 6 (p. 424)

- 1 Hoe lieflik is u wonings, HEER / der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlange / om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan / met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid / tot U wat leef, verlangend uit.
- 6 'n Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Maart 2018